Publication: Volksblad

Date: Monday, March 14, 2022

Page: 5



Franchê Stevens het op pad Bloemfontein toe in kraam gegaan en het met hul aankoms in die Rosestad hul seuntjie, AJ, verwelkom.

# Ma kraam op pad na dogtertjie se operasie

**Linkie Bessinger**

'n Johannesburgse ouerpaar, wat op pad was na Bloemfontein waar hul dogter 'n rekonstruktiewe operasie sou ondergaan, het kort nadat hulle die Rosestad binnegekom het, 'n seuntjie in die wêreld verwelkom.

Stefan Stevens sê hy glo vas sy seuntjie, AJ, wat op 33 weke en vier dae besluit het hy is gereed om die wêreld binne te kom, wou eintlik maar net 'n Cheetah wees.

"Ek sal voordat ons terugry gou sy aansoekvorms by Grey Kollege gaan indien," lag Stevens.

Hy en sy vrou, Franché, was eintlik op pad na Bloemfontein omdat hul een jaar oue dogtertjie, Olivia-Lee, 'n operasie aan haar verhemelte moes ondergaan as deel van die Smile-stigting se operasieweek.

Die organisasie het die afgelope week gratis rekonstruksie-operasies vir kinders in die Universitas-Hospitaal in Bloemfontein aangebied. Die operasies sluit in die herstel van gesplete lippe en verhemeltes, brandwonde en die losmaak van vingertjies wat aanmekaar gegroei is.

"Toe ons net oor die Vrystaatse grens is, begin Franché se kontraksies.

"Ons moes toe maar voet in die hoek sit om in Bloemfontein te kom," sê Stevens.

Olivia-Lee is Donderdag suksesvol geopereer. Die trotse pa pendel die afgelope week so tussen die sale in die hospitaal, omdat Franché en baba AJ nog in die kraamsaal is. Stevens sê hy is net dankbaar almal is gesond.

Hulle sal binnekort kan terugkeer na Johannesburg om vir AJ aan sy eintlike tuiste voor te stel.



Olivia-Lee Stevens het Donderdag 'n operasie in die Universitas-Hospitaal in Bloemfontein ondergaan om haar gesplete verhemelte te herstel.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.